SARS SAL GASHEER WEES VIR HOOFDE VAN BRICS DOEANE-OWERHEDE

PRETORIA, 11 April 2018 – Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) sal gasheer wees vir die Doeane Samewerkingsbyeenkoms wat 'n samekoms van die hoofde van doeane-owerhede van BRICS-ledelande, insluitend Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika sal behels met die vooruitsig om verhoudinge te verskerp en samewerking verder te verbeter en ontwikkeling onder BRICS-ledelande aan te moedig.

Die hoofde van doeane-administrasies van BRICS-ledelande sal van 18 tot 19 April 2018 in Durban ontmoet. Hierdie samekoms sal voorafgegaan word deur 'n ontmoeting tussen belastingkenners van 16 tot 17 April 2018 by dieselfde lokaal. SARS sal ook gasheer wees vir die belastingkenners en hoofde van belastingadministrasies in Junie 2018. Hierdie byeenkomste vorm deel van 'n reeks departementele byeenkomste van regoor die regering in die aanloop tot die 10de BRICS-beraad wat Suid-Afrika, as voorsitter van BRICS, in Augustus 2018 sal aanbied.

Die Suid-Afrikaanse regering het ditself toegewy om sy rol as voorsitter van BRICS in 2018 in te span om strategies te beplan met die oog op verbeterde samewerking in die volgende dekade.

Die regering het ditself ook toegewy tot die agenda wat ingestel is in 2017 in Xiamen, China, toe China die voorsitter was, om maksimum sinergie en samehang te verseker.

Dit sal die tweede keer wees wat Suid-Afrika die BRICS-beraad aanbied, naas toe dit in Maart 2013 hier aangebied is.

Suid-Afrika se lidmaatskap by BRICS is 'n noodsaaklike element in die nastreef van sy buitelandse beleidsprioriteite, insluitend die bevordering van die Afrika Agenda, volhoubare ontwikkeling, hervorming en samewerking van staatsbestuur wêreldwyd.